Heidelbergse Kategismus

Sondag: 29

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 29

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?


Antwoord: Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan, so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie. Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem.

Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe. Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang.

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?


Antwoord: Nee,



Matteus 26:29: Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek beslis nie weer van hierdie vrug van die druiwestok drink nie, tot daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die koninkryk van my Vader."

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan.




Efesiërs 5:26: sodat Hy haar kon heilig, deurdat Hy haar gereinig het deur die was met water en die woord.

Titus 3:5: het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan.




1 Korintiërs 10:16–17: Die beker van danksegging, waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

1 Korintiërs 11:26: Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom.

Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan. Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem.



Genesis 17:10–11: En dit is my verbond tussen My en julle en jou nageslag ná jou wat julle moet nakom: Elke manlike persoon onder julle moet besny word. Julle moet besny word aan die vlees van julle voorhuide. Dit sal dien as teken van die verbond tussen My en julle.

Eksodus 12:11: Dit is hoe julle dit moet eet: met heupe omgord, julle sandale aan julle voete en julle wandelstokke in julle hande. Julle moet dit haastig eet. Dit is die Pasga van die HERE.

Eksodus 12:13: Die bloed sal vir julle as 'n teken dien aan die huise waarin julle is. Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. Daar sal by julle geen plaag deur die vernietiger wees wanneer Ek Egipteland tref nie.


Eksodus 13:9: Dit sal vir jou dien as 'n teken op jou hand en as 'n herinneringsteken op jou voorkop, sodat die wet van die HERE op jou lippe sal wees. Want met 'n sterk hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei.

1 Korintiërs 10:3–4: en almal het dieselfde geestelike kos geëet, en almal het dieselfde geestelike drank gedrink. Want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat hulle gevolg het – en die rots was Christus.

1 Petrus 3:21: Die doop, wat 'n teenbeeld hiervan is, red ook julle nou. Die doop dien nie as 'n verwydering van die vuilheid van die liggaam nie, maar as 'n smeekgebed tot God om 'n skoon gewete, op grond van die opstanding van Jesus Christus –

Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe.




Johannes 6:51: Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat Ek gee vir die lewe van die wêreld."

Johannes 6:53–55: 53 Daarop sê Jesus vir hulle: "Amen, amen, Ek sê vir julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die Mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie. Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan. Want my liggaam is ware voedsel, en my bloed is ware drank.

Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe. Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang.



1 Korintiërs 10:16–17: Die beker van danksegging, waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

SONDAG: 29 - VRAAG EN ANTWOORD: 78

Vraag: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee, [1] maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan, [2] so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie. [3] Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem[4]

1 Matteus 26:29
2 Efesiërs 5:26: Titus 3:5
3 1 Korintiërs 10:16–17: 1 Korintiërs 11:26
4 Genesis 17:10–11: Eksodus 12:11: Eksodus 12:13: Eksodus 13:9: 1 Korintiërs 10:3–4: 1 Petrus 3:21

SONDAG: 29 - VRAAG EN ANTWOORD: 79

Vraag: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe[1]. Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang[2].

1 Johannes 6:51: Johannes 6:53–55
2 1 Korintiërs 10:16–17

Kopiereg

© 2026